

Terugvoer Staatsreg 312 Toegepaste Skryfopdrag 2017 Aansoek B

Die Toegepaste Skryfopdrag beoog om verskeie substantiewe- asook generiese leeruitkomste wat vir Staatsreg 312 vasgestel is, te bereik. Sommige van die toepaslike substantiewe leeruitkomste sluit in:

- Die vermoë om Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak en wetgewing wat verband hou met spesifieke menseregte, te lees, te analiseer en krities te evalueer.
- Die vermoë om die toepaslike menseregte-beginsels en regspraak van toepassing op 'n gegewe stel feite of probleem te identifiseer.
- Die vermoë om die betrokke reëls, beginsels en regspraak op 'n gegewe stel feite toe te pas ten einde toepaslike grondwetlike argumente te formuleer.

Die relevante generiese uitkomste sluit verder in:

- Die vermoë om:
 - o deeglike regsnavorsing te doen en skryfvaardighede in die konteks van menseregte te bemeester.
 - o die toepaslike navorsingsmateriaal te identifiseer en toe te pas in die oplos van spesifieke menseregte-probleme.
 - o materiaal te organiseer en te analiseer.
 - o duidelike, logiese argumente met behulp van die aanvaarde metodes van grondwetlike argumentvoering te ontwikkel.
 - o skryfstyl- en verwysingsriglyne akkuraat toe te pas.

Daar moet in gedagte gehou word dat geen onafhanklike navorsing vir die Hoofde van Betoog verlang was nie. Die identifisering en toepassing van die “navorsingsmateriaal” verwys dus na die relevante, voorgeskrewe en aanbevole bronne, veral regspraak.

Inhoud van die werkstuk (60)

Om oortuigende regsargumente te formuleer vir doeleindes van Aansoek B, moes u hoofsaaklik op relevante regspraak – saamgelees met wetgewing – fokus. U moes dus die regspraak tot die relevante mate analiseer, en die reg sistematies op die feite toepas. Herhaling van die feite en omvattende aanhalings uit wetgewing en regulasies sal dus afbreuk doen aan die ruimte wat u beskikbaar het om oortuigende regsargumente te formuleer!

Die logiese vertrekpunt vir Aansoek B moet wees om "basiese sanitasie" in die grondwetlike reg op toegang tot voldoende water (artikel 27(1)(b) van die Grondwet) in te lees. Slegs indien dit aangevoer word, kan die Konstitusionele Hof se redelijkheidshersiening gebruik word om die Wet op Waterdienste te interpreteer en toe te pas op die Stad se sanitasieprogram.

Daarna moet elke komponent van redelijkheidshersiening ontleed en op die feite toegepas word. Eerstens, wat is die aard van redelijkheidshersiening volgens die Konstitusionele Hof in *Grootboom*? Wat is die kriteria vir 'n redelike staatsprogram - watter kriteria is van toepassing op hierdie feite? Daarna moet u "toenemende verwesenliking" in terme van onderskeidelik *Grootboom* en *Mazibuko* analiseer. Dit moet dan op die gevallestudie toegepas word, aangesien uitgawes jaarliks afgeneem het en die Stad se beleid nie hersien is nie. Vervolgens moet u "binne beskikbare hulpbronne" met verwysing na *Grootboom* analiseer. Wat is die implikasies van die klein persentasie toegeken aan sanitasie in informele nedersettings en die bewyse dat uitkontraktering die duurste manier van sanitasievoorsiening is?

Baie van u het oortuigende regsargumente aangaande die minimum standaard vir sanitasie soos deur Regulasie 2 vasgestel, en met verwysing na *Mazibuko*, geformuleer. Soos per *Mazibuko*, help hierdie standaard om die regering aanspreeklik te hou. Volgens *Grootboom* en *TAC* kan minimum standarde ook oorweeg word om die redelikheid van die staat se optrede te bepaal.

Dit is van kardinale belang dat u argumente regsgeldig van aard is. Dit vereis dat elke argument deur toepaslike regsgesag, naamlik relevante regspraak, ondersteun word. U moet dus demonstreer dat u die regspraak gelees en verstaan het en dit moet

duidelik uit in-diepte saakontledings blyk (vergesel van verwysings na paragrawe in die regspraak). 'n Behoorlike regsontleding sal u argumente staaf en oortuigend maak.

Struktuur van u werkstuk (10)

Indien u 'n opstel ingedien het, is u struktuur heeltemal onvoldoende en het u nie aan die kernvereiste van hierdie opdrag voldoen nie.

Of u regsargument uiteindelik oortuigend is of nie, sal deur die struktuur van u argument beïnvloed word. Daar is voorgestel dat u opskrifte gebruik wat die logiese vloei van u argument weerspieël. U opskrifte moet dus die vernaamste regsbeginsels soos hierbo bespreek, aanspreek, byvoorbeeld:

- 1 Inleiding**
- 2 Regsraamwerk**
- 3 Argument**
 - 3 1 Inhoud van die reg van toegang tot voldoende water
 - 3 2 Redelikheidshersiening
 - 3 2 1 *Die aard van die redelikheidshersiening*
 - 3 2 2 *Kriteria vir 'n redelike staatsprogram*
 - 3 2 3 *Toenemende verwesenliking*
 - 3 2 4 *Binne die beskikbare hulpbronne*
- 4 Remedies**
- 5 Gevolgtrekking**

Styl, toon en taalgebruik (10)

U moet terminologie soos dit in die Grondwet en regspraak gebruik word, byvoorbeeld "redelikheidshersiening"; "toenemende verwesenliking", gebruik. U moet noukeurig na die taal van die Grondwet verwys en verseker dat enige aanhalings presies ooreenstem met die oorspronklike.

Hoofde van Betoog vereis formele taalgebruik. Die gepaste register moet dus gehandhaaf word. U moet ook probeer om emosionele taalgebruik en uitdrukkings te vermy.

Moenie feite of argumente herhaal nie en moenie alle relevante bepalinge volledig in die hoofteks van u Hoofde van Betoog aanhaal nie.

Gebruik altyd die Afrikaanse speltoetsers. Vir diegene wat in Afrikaans skryf, onderskei tussen enkelvoud (byvoorbeeld, "kriterium") en meervoud (byvoorbeeld, "kriteria"). Maak seker dat u die werkwoord aan die einde van 'n sin plaas. Onthou asseblief ook, wanneer u in Afrikaans skryf, om die Afrikaanse afkortings vir die betrokke houe in u werkstuk te gebruik, byvoorbeeld (KH) in plaas van (CC).

Wanneer daar na wetgewing verwys word, is dit die "Wet" en nie die "wet" nie.

U moet na die "Grondwet" (hoofletter) verwys, maar in kleinletters wanneer u byvoorbeeld na "grondwetlike regte" verwys.

Sake se name moet deurlopend gekursiveer word (dit sluit in wanneer u na die verkorte saaknaam verwys bv. *Grootboom*).

Skep die korrekte afkortings soos uiteengesit in die Regsfakulteit se Skryfgids, insluitend die korrekte verkorte saakname soos *Grootboom* en *Mazibuko*.

Verwysings (15)

Dit is uiters noodsaaklik om na regspraak te verwys in u Hoofde van Betoog ten einde 'n regter te oortuig van die meriete en gesag van u argument. Benewens die verwysing na regspraak, kan u na sekondêre bronne soos akademiese kommentaar verwys. Hoofde van Betoog wat slegs na sekondêre bronne verwys, sal waarskynlik nie op regsgronde ondersteun deur regsgesag, oortuigend wees nie. Wanneer u na regspraak verwys, is dit noodsaaklik om na spesifieke paragrawe te verwys. Dit wys die regter waar presies die gesag vir u argument gevind kan word. Dit wys ook die dosent dat u inderdaad die uitsprake gelees het.

Tegniese versorging (5)

Dit skep 'n uiters swak eerste indruk indien u die "*track changes*" of kommentaar van die skryfkonsultante in u ingehandigde opdrag laat.

Onthou om u kantlyne te blokkeer.

Onvanpaste gebruik van hoofletters skep ook 'n slegte indruk. Dit is byvoorbeeld "menswaardigheid" en nie "Menswaardigheid" nie; dit is "redelikheidshersiening" en nie "Redelikheidshersiening" nie, "sosio-ekonomiese regte" en nie "Sosio-ekonomiese Regte" nie.

Ongelyke lyn spasiëring, oneweredige gapings in u teks en tussen u teks en leestekens lyk onprofessioneel.

U moet altyd u werkstuk (of Hoofde van Betoog, in praktyk) verskeie kere deeglik proeflees voor u dit inhandig!